



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

OORDRAG VAN FUNKSIES TUSSEN ENTITEITE

ONDER GEMEENSKAPLIKE BEHEER

(AERP 105)

Erkenning

In die ontwikkeling van die Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer* is die International Financial Reporting Standard (IFRS) oor *Business Combinations* geraadpleeg, wat deur die International Accounting Standards Board (IASB) uitgegee is. Die IASB het 'n omvattende korpus van International Financial Reporting Standards (IFRS'e) uitgegee. Uittreksels uit die IFRS oor *Business Combinations* word met die toestemming van die IASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IFRS'e is dié wat deur die IASB in die Engelse taal gepubliseer is en afskrifte kan verkry word van:

IFRS Foundation Publications Department

30 Cannon Street

London EC4M 6XH

United Kingdom

Internet: <http://www.ifrs.org>

Kopiereg vir IFRS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IASB is gevestig in die International Accounting Standards Committee Foundation (IASCF) en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Kopiereg © 2011 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Die goedgekeurde teks van die AERP's is dié wat deur die ASB in die Engelse taal gepubliseer is.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer

	Paragraawe
Oogmerk	.01
Omvang	.02 – .08
Woordomsrywings	.09 – .15
Gemeenskaplike beheer	.10 – .11
Funksie	.12 – .15
Identifisering van die verkryger en oordraggewer	.16 – .21
Bepaling van die oordragdatum	.22 – .24
Bates verkry of oorgedra en laste aanvaar of afgestaan	.25 – .34
Kriteria vir die verkryger en oordraggewer	.26 – .32
Bepaling van wat deel is van die oordrag-van-funksies-transaksie	.28 – .30
Wesenlike vereffening van 'n voorafbestaande verwantskap tussen die verkryger en die oordraggewer in 'n oordrag van funksies (toepassing van paragraaf .29(a))	.31 – .32
Kriteria vir die verkryger	.33 – .34
Rekeningkundige verantwoording deur die verkryger	.35 – .50
Aanvanklike erkenning en meting	.35 – .46
Metingstydperk	.40 – .45
Verkrygingsverwante koste	.46
Latere meting	.47 – .50
Rekeningkundige verantwoording deur die oordraggewer	.51 – .54



AERP 105

Ont erkenning van bates oorgedra en laste afgestaan	.51 – .54
Openbaarmaking	.55 – .61
Verkryger	.58 – .60
Oordraggewer	.61
Oorgangsbepalings	.62 – .63 <u>.64</u>
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.62
Wysigings aan Standaarde van AERP	.63 - <u>.64</u>
Datum van inwerkingtrede	.64 <u>.65</u> – .67
Bylae – Gevolglike wysigings aan ander Standaarde van AERP	
Grondslag vir gevolgtrekkings	

OORDRAG VAN FUNKSIES TUSSEN ENTITEITE ONDER GEMEENSKAPLIKE BEHEER

Hierdie Standaard van AERP is oorspronklik in November 2010 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit soos volg gewysig:

- Om beginsels met betrekking tot die aanvanklike erkenning en meting deur die verkryger duidelik te maak.
- Gevolglike wysigings ná die hersienings aan AERP 100 *Gestaakte Bedrywighede* in 2013.
- Die oorgangsbepalings vir die aanvanklike aanvaarding van die *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer* (AERP 105), *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* (AERP 106) en *Samesmeltings* (AERP 107) is gewysig as gevolg van die wysigings aan die Lasgewings wat in Maart 2016 aangebring is.

Inleiding

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP)

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarskapsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word in Standaard van AERP gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van *International Financial Reporting Standards* (IFRS'e) uitgegee deur die *International Accounting Standards Board*, goedgekeur as AERP:

- (a) openbare entiteite wat die kriteria uiteengesit in Lasgewing 12 oor *The Selection of an Appropriate Reporting Framework by Public Entities*; en
- (b) entiteite onder die eienaarskapsbeheer van enige van hierdie entiteite.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaard van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaard van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaard van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer* word in paragraaf .01 tot .6567 uiteengesit. Alle paragrawe in die Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Die Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaard van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolkings van die Standaard van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding en Finansiële State*.

Standaard van AERP en Vertolkings van die Standaard van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word en oorgangsbepalings voorskryf, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister



AERP 105

van Finansies uitgereik is betreffende die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgereik is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf 11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleid, Veranderings in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide in die afwesigheid van uitdruklike leiding.


Oogmerk

- .01 Die oogmerk van hierdie Standaard is om rekeningkundige beginsels vir die verkryger en die oordraggewer in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer tot stand te bring.

Omvang

- .02 ***'n Verkryger en oordraggewer wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas op 'n transaksie of gebeurtenis wat aan die omskrywing van 'n oordrag van funksies voldoen.***
- .03 Hierdie Standaard is nie van toepassing nie op:
- (a) oordragte van individuele of groepe bates en/of laste wat nie aan die omskrywing van 'n oordrag van funksies voldoen nie (kyk die toepaslike Standaarde van AERP);
 - (b) 'n oordrag van funksies tussen entiteite wat nie onder gesamentlike beheer is nie (kyk die Standaard van AERP oor *Oordragte van Funksies Tussen Entiteite wat nie onder Gesamentlike Beheer is nie*); en
 - (c) 'n samesmelting (kyk die Standaard van AERP oor *Samesmeltings*)
- .04 Entiteite moet die volgende diagram oorweeg wanneer hulle bepaal of hierdie Standaard toegepas moet word wanneer 'n transaksie of gebeurtenis in rekening gebring moet word wat 'n oordrag van funksies of 'n samesmelting behels.

AERP 105



.05 Oordragte van individuele of groepe bates en/laste is uitgesluit van die omvang van hierdie Standaard aangesien hierdie reëlings die verkryging of oordrag van 'n bate of 'n groep bates en/of die aanvaarding van oordrag van 'n las of 'n groep laste deur 'n entiteit eerder as die oordrag van funksies tot gevolg het. Indien 'n nasionale padagentskap van tyd tot tyd beheer oor 'n provinsiale pad van verskillende provinsiale departemente oorneem, is dit 'n oordrag van individuele bates.

.06 Indien geen verkryger in die transaksie of gebeurtenis geïdentifiseer kan word

nie, moet die Standaard van AERP oor *Samesmeltings* toegepas word. 'n Samesmelting is die totstandbrenging van 'n nuwe gekombineerde entiteit waarin geeneen van die vorige entiteite beheer oor enige ander verkry nie en geen verkryger geïdentifiseer kan word nie.

- .07 'n Transaksie of gebeurtenis waarin 'n verkryger geïdentifiseer kan word en wat plaasvind tussen entiteite wat onder gemeenskaplike beheer is, val binne die omvang van hierdie Standaard. 'n Oordrag van funksies tussen entiteite wat onder gemeenskaplike beheer is, is 'n herorganisasie en/of hertoedeling van funksies tussen entiteite wat uiteindelik deur dieselfde entiteit voor en ná die oordrag van funksies beheer word, en daardie beheer is nie van verbygaande aard nie.
- .08 Sodanige transaksie of gebeurtenis waarin 'n verkryger geïdentifiseer kan word en wat onderneem word tussen entiteite wat nie onder gesamentlike beheer is nie, moet in rekening gebring word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*.

Woordomsrywings

- .09 ***Die volgende terme word met die gespesifiseerde betekenisse in hierdie Standaard gebruik:***

'n Verkryger is die entiteit wat beheer oor die verkrygde of oordraggewer verkry.

Drabedrag van 'n bate of las is die bedrag waarteen 'n bate of las in die staat van finansiële stand erken word.

Beheer is die bevoegdheid om die finansiële en bedryfsbeleide van 'n ander entiteit korporatief te bestuur ten einde voordeel uit die bedrywigheide daarvan te trek.

'n Funksie is 'n geïntegreerde stel aktiwiteite wat in staat is om uitgevoer en bestuur te word vir die doeleindes van bereiking van 'n entiteit se doelstellings, deur hetsy ekonomiese voordele of dienspotensiaal te voorsien.

'n Samesmelting is die totstandbrenging van 'n nuwe gekombineerde entiteit waarin geeneen van die vorige entiteite beheer oor enige ander verkry nie en geen verkryger geïdentifiseer kan word nie.

Oordragdatum is die datum waarop die verkryger beheer van die funksie verkry en die oordraggewer beheer van daardie funksie verloor.

'n Oordrag van funksies is die herorganisasie en/of die hertoewysing van funksies tussen entiteite deur die oordra van funksies tussen entiteite of na 'n ander entiteit.

Die oordraggewer is die entiteit wat beheer oor 'n funksie afstaan.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard gebruik met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde van AERP.

Gemeenskaplike beheer

- .10 Vir 'n transaksie of gebeurtenis om tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer plaas te vind, moet die transaksie of gebeurtenis tussen entiteite binne dieselfde sfeer van die regering onderneem word, of tussen entiteite wat deel van dieselfde ekonomiese entiteit is. Entiteite wat uiteindelik voor en ná die oordrag van funksies deur dieselfde entiteit beheer word, is binne dieselfde ekonomiese entiteit. 'n Nasionale gesondheidsdepartement verkry byvoorbeeld deur wetgewing 'n mandaat om sy laerskoolvoedingsprogram aan die onderwysdepartemente oor te dra. Omdat die onderwysdepartement as die verkryger geïdentifiseer is en albei departemente binne die nasionale sfeer van regering en binne dieselfde ekonomiese entiteit val, val die oordrag van funksies binne die omvang van hierdie Standaard.
- .11 Die omvang van niebeherende belange in elk van die entiteite wat voor en ná die oordrag van funksies by 'n oordrag van funksies betrokke is, is nie van toepassing op die bepaling daarvan of die transaksie of gebeurtenis entiteite onder gemeenskaplike beheer behels nie.

Funksie

- .12 'n Funksie is 'n geïntegreerde stel aktiwiteite wat in staat is om uitgevoer en bestuur te word vir die doeleindes van bereiking van 'n entiteit se doelstellings, deur hetsy ekonomiese voordele of dienspotensiaal te voorsien. 'n Funksie bestaan uit insette en prosesse wat op daardie insette toegepas word wat oor die vermoë beskik om uitsette te skep. 'n funksie kan hetsy 'n deel of 'n gedeelte van 'n entiteit wees óf kan uit die hele entiteit bestaan. Hoewel funksies uitsette kan hê, is uitsette nie nodig om as 'n funksie te kwalifiseer nie. Die drie elemente van 'n funksie word soos volg omskryf:
- (a) **Inset:** Enige hulpbron wat uitsette skep, of oor die vermoë beskik om dit te skep, wanneer een of meer prosesse daarop toegepas word. Voorbeelde sluit in niebedryfsbates (met inbegrip van ontasbare bates of regte op niebedryfsbates), intellektuele eiendom en die vermoë om toegang te verkry tot die nodige materiaal of regte en werknemers.
- (b) **Proses:** Enige stelsel, standaard, protokol, konvensie of reël wat, indien dit op 'n inset of insette toegepas word, uitsette skep of die vermoë het om dit te skep. Voorbeelde sluit strategiese bestuursprosesse, bedryfsprosesse en hulpbronbestuursprosesse in. Hierdie prosesse is tipies gedokumenteer, maar 'n georganiseerde werkerskorps met die nodige vaardighede en

ervaring wat die reëls en konvensies volg, kan die nodige prosesse voorsien wat op insette aangewend kan word om uitsette te skep. (Rekeningkundige, fakturerings-, betaalstaat en ander administratiewe stelsels is tipies nie prosesse wat gebruik word om uitsette te skep nie.)

- (c) **Uitset:** Die resultaat van insette en prosesse wat aangewend word om doeltreffendheid te bereik en te verbeter. Dit kan in die vorm van die bereiking van diensleweringsoogmerke of die lewering van goedere en/of dienste wees.
- .13 Om egter in staat te wees om bedryf en bestuur te word vir die doeleindes soos omskryf, vereis 'n funksie twee noodsaaklike elemente – insette, en prosesse wat op daardie insette aangewend word, wat gesamentlik gebruik kan of sal word om insette te skep. 'n Funksie hoef egter nie al die insette of prosesse in te sluit wat gebruik sal word om daardie funksie te bedryf indien entiteite in staat is om die funksie te verkry en voort te gaan om uitsette te produseer nie, byvoorbeeld deur die funksie met hul eie insette en prosesse te integreer.
- .14 Die aard van die elemente van 'n funksie wissel volgens die struktuur van 'n entiteit se bedrywighede (aktiwiteite), met inbegrip van die entiteit se ontwikkelingstadium. Gevestigde funksies het dikwels talle verskillende tipes insette, prosesse en uitsette, terwyl nuwe funksies dikwels min insette en prosesse het, en soms slegs 'n enkele uitset. Byna alle funksies het ook laste, maar 'n funksie hoef nie laste te hê nie.
- .15 'n Funksie in die ontwikkelingstadium kan moontlik nie uitsette hê nie. Indien nie, moet ander faktore oorweeg word om te bepaal of die geïntegreerde stel aktiwiteite aan die omskrywing van 'n funksie voldoen. Sulke faktore sluit in, maar is nie daartoe beperk nie, of die funksie:
- (a) met sy beplande hoofaktiwiteite begin het;
 - (b) werknemers, intellektuele eiendom en ander insette en prosesse het wat op daardie insette toegepas kan word;
 - (c) 'n plan volg om uitsette te produseer; of
 - (d) in staat sal wees om toegang tot ekonomiese voordele of dienspotensiaal te verkry.

Nie al hierdie faktore hoef in die ontwikkelingstadium teenwoordig te wees om aan die omskrywing van 'n funksie te voldoen nie.

Identifisering van die verkryger en oordraggewer

- .16 ***Vir elke oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer moet 'n verkryger en oordraggewer geïdentifiseer word.***

- .17 Die bepalings en voorwaardes van 'n oordrag van funksies wat onderneem word tussen entiteite wat onder gemeenskaplike beheer is, word in 'n bindende reëling uiteengesit. Bewyse van hierdie reëling kan op verskeie wyses blyk en kan 'n formele skriftelike ooreenkoms tussen die entiteite, wetgewing wat in die parlement of 'n provinsiale wetgewer goedgekeur is, 'n kabinetsbesluit, ministeriële bevel, 'n besluit wat deur 'n munisipale raad geneem is, 'n regulasie of 'n kennisgewing of ander amptelike middel behels.
- .18 In 'n oordrag van funksies moet een van die partye by die transaksie of gebeurtenis as die verkryger geïdentifiseer kan word. Die bindende reëling wat die bepalings en voorwaardes van 'n oordrag van funksies beheer, kan identifiseer watter entiteit by die transaksie of gebeurtenis die oordraggewer en watter entiteit die verkryger is. Indien die bindende reëling nie die verkryger of oordraggewer duidelik identifiseer nie, kan die gedrag of optrede van die entiteite moontlik aandui watter entiteit die verkryger en watter entiteit die oordraggewer is. Indien die departement van gesondheid byvoorbeeld gewoonlik kinders op primêre skool op daaglikse grondslag kos gegee het en later ná 'n oordrag van die program aan die onderwysdepartement ophou om dit te doen, is dit 'n duidelike aanduiding dat die departement van gesondheid die oordraggewer en die onderwysdepartement die verkryger is. 'n Bykomende bewys kan wees dat die entiteit nie meer geld van die fiskus ontvang om sekere aktiwiteite uit te voer nie.
- .19 In 'n oordrag van funksies wat hoofsaaklik deur die oordrag van kontant of ander bates (indien toepaslik) of deur die aangaan van laste bewerkstellig word, is die verkryger gewoonlik die entiteit wat die kontant of ander bates (indien toepaslik) oordra of die laste aangaan.
- .20 In 'n oordrag van funksies wat meer as een entiteit behels, kan een van die entiteite wat voor die transaksie of gebeurtenis bestaan het, op grond van beskikbare bewyse as die verkryger geïdentifiseer word. Indien die bestuur van een van die entiteite wat by die oordrag van funksies betrokke is byvoorbeeld die keuse van die bestuursplan in die nuut gevestigde entiteit oorheers, is die oorheersende entiteit gewoonlik die verkryger.
- .21 Bepaling van die verkryger moet onder andere insluit 'n oorweging van watter van die entiteite wat by die oordrag van funksies betrokke is die transaksie of gebeurtenis geïnisieer het, die betreklike grootte van die entiteite, sowel as of die bates of inkomste van een van die entiteite wat by die transaksie of gebeurtenis betrokke is, beduidend meer as dié van die ander entiteite is. Indien geen verkryger geïdentifiseer kan word nie, moet die transaksie of gebeurtenis ingevolge die Standaard van AERP oor *Samesmeltings* in rekening gebring word.

Bepaling van die oordragdatum

- .22** *Die verkryger en die oordraggewer moet die verkrygingsdatum identifiseer, wat die datum is waarop die verkryger beheer verkry en die oordraggewer beheer verloor van daardie funksie.*
- .23** Die bindende reëling wat die bepalinge en voorwaardes beheer van 'n oordrag van funksies tussen entiteite wat onder gemeenskaplike beheer is, kan spesifiseer dat die transaksie of gebeurtenis vanaf 'n spesifieke datum van krag is. Die datum waarop die verkryger beheer van die funksies verkry, is die datum waarop die verkryger die teenprestasie (indien daar is) oordra, die bates verkry en die laste van die oordraggewer aanvaar, soos in die bindende reëling geïdentifiseer. Die verkryger kan egter beheer verkry op 'n datum wat hetsy vroeër of later is as die datum waarop die bates en laste deur die oordraggewer oorgedra word of wat in die bindende reëling gespesifiseer word. Wetgewing wat op 1 April 20X1 deur die Parlement goedgekeur is, vereis byvoorbeeld dat departement A die funksies van departement B oorneem. Beide departement is binne dieselfde provinsie. 'n Lasgewing word uitgereik wat bepaal dat die inwerkingtreddingsdatum van die oordrag 1 Junie 20X1 is. Departement A verkry egter slegs op 1 Julie 20X1 beheer van die bates en laste deur 'n memorandum van verstandhouding wat tussen die twee departemente opgestel is. Aangesien departement A slegs van 1 Julie 20X1 af die oordrag van funksies in die nastrewing van sy oogmerke kan gebruik of andersins daarby baat vind, of die toegang van andere tot daardie voordele kan uitsluit of andersins beheer, moet die transaksie of gebeurtenis vanaf 1 Julie 20X1 in rekening gebring word. Die verkryger moet alle toepaslike feite en omstandighede by die identifisering van die oordragdatum in aanmerking neem.
- .24** Die feit dat 'n bindende reëling bestaan, skep vir hetsy een of albei die partye 'n verpligting om op te tree ten einde die bepalinge en voorwaardes van die reëling na te kom. Dit beteken dat ooreenkomstig die bindende reëling die oordraggewer 'n afdwingbare eis oor die verkrygte het om beheer prys te gee van hetsy die entiteit, of van die bates en laste van die funksie wat oorgedra sal word.

Bates verkry of oorgedra en laste aanvaar of afgestaan

- .25** *Die erkenning van bates en laste deur die verkryger en die onderkenning van bates en laste deur die oordraggewer is onderworpe aan die voorwaardes wat in die paragrawe hieronder gespesifiseer word.*

Kriteria vir die verkryger en oordraggewer

- .26** Die bates en laste wat vir erkenning deur die verkryger of onderkenning deur die oordraggewer in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike

beheer kwalifiseer, word gewoonlik deur die bepalings en voorwaardes van die bindende reëling beheer.

- .27 Die bates en laste wat verkry of oorgedra word en die laste wat aanvaar of afgestaan word, moet deel wees van dit wat volgens die bindende reëling ooreengekom is, eerder as die resultaat van afsonderlike transaksies. Die verkryger en oordraggewer moet die leiding in paragraaf .28 tot .29 toepas om te bepaal watter bates as deel van die oordrag van funksies verkry of oorgedra is en watter laste aanvaar of afgestaan is en watter, indien daar is, die gevolg is van afsonderlike transaksies is wat ooreenkomstig hul aard en die toepaslike Standaard van AERP in rekening gebring moet word.

Bepaling van wat deel is van die oordrag-van-funksies-transaksie

- .28 *Die verkryger en die oordraggewer kan moontlik 'n voorafbestaande verwantskap hê voor of wanneer onderhandelinge vir die oordrag van funksies begin het, of hulle kan gedurende die onderhandelinge 'n bindende reëling aangaan wat afsonderlik van die oordrag van funksies is. In enige van hierdie situasies moet die verkryger enige bedrae identifiseer wat nie deel is van wat die verkryger en oordraggewer in 'n oordrag van funksies oorgedra het nie. Hierdie Standaard is slegs van toepassing op die teenprestasie, indien daar is, wat deur die verkryger in 'n oordrag van funksies oorgedra is, soos deur die bepalings en voorwaardes van die bindende reëling beheer word. Insgelyks moet die oordraggewer hierdie Standaard toepas om slegs die teenprestasie (indien daar is) te erken en die bates wat oorgedra en laste wat afgestaan is te ontken in 'n oordrag van funksies soos deur die bepalings en voorwaardes van die bindende reëling beheer word. Benewens daardie transaksies wat in paragraaf .31 en .32 geïdentifiseer is, moet afsonderlike transaksies ooreenkomstig die betrokke Standaarde van AERP in rekening gebring word.***
- .29 Die volgende is voorbeelde van afsonderlike transaksies wat nie deel van 'n oordrag van funksies is nie:
- (a) 'n transaksie wat in wese voorafbestaande verwantskappe tussen die verkryger en die oordraggewer vereffen;
 - (b) 'n transaksie wat die oordraggewer vir betaling van die verkryger se verkrygingsverwante koste vergoed; en
 - (c) bydraes wat van derde partye ontvang is ter vergoeding vir toekomstige dienste as gevolg daarvan dat die oordrag van funksies onderneem is.
- .30 Die verkryger en oordraggewer moet die volgende faktore in aanmerking neem, wat nóg wedersyds uitsluitend nóg individueel afdoende is om te bepaal of 'n transaksie deel van die oordrag van funksies is en of die transaksie afsonderlik is:

- (a) **die redes vir die transaksie** — Indien die redes vir die transaksie begryp word, kan dit insig gee of dit deel is van die teenprestasie wat oorgedra is, indien daar is, en die bates wat verkry of oorgedra is of die laste wat aanvaar of waarvan afstand gedoen is. Bedrae verskuldig deur die oordraggewer uit 'n vorige reëling met die oordraggewer as 'n diensverskaffer sal byvoorbeeld nie deel uitmaak van die oordrag van funksies nie, aangesien die dienste wat voorsien is primêr tot die voordeel van die oordraggewer eerder as tot die voordeel van die verkryger was.
- (b) **die tydsberekening van die transaksie** — Die tydsberekening van die transaksie kan ook insig daarin gee of dit deel is van die teenprestasie, indien daar is, vir die oordraggewer.

Wesenlike vereffening van 'n voorafbestaande verwantskap tussen die verkryger en die oordraggewer in 'n oordrag van funksies (toepassing van paragraaf .29(a))

- .31 'n Voorafbestaande verwantskap tussen die verkryger en die oordraggewer kan kontraktueel wees (byvoorbeeld ondernemer en klant of verskaffer) of niekontraktueel (byvoorbeeld klaer en beskuldigde).
- .32 **Indien 'n oordrag van funksies wesenlik 'n voorafbestaande verwantskap vereffen, erken die verkryger 'n wins of verlies, wat soos volg gemeet word.**
 - (a) **vir 'n voorafbestaande niekontraktuele verwantskap, billike waarde.**
 - (b) **Vir 'n voorafbestaande kontraktuele verwantskap, (i) of (ii), watter ook al die minste is:**
 - (i) **die bedrag waarmee die bindende reëling gunstig of ongunstig is vanuit die perspektief van die verkryger wanneer dit met bepalinge vir huidige marktransaksies vir dieselfde of soortgelyke items vergelyk word. ('n Ongunstige kontrak is 'n kontrak wat ongunstig ten opsigte van huidige markbepalinge is. Dit is nie noodwendig 'n beswarende kontrak waarin die onvermydelike koste van voldoening aan die verpligtinge ooreenkomstig die kontrak die ekonomiese voordele of dienspotensiaal oorskry wat na verwagting ingevolge daarvan ontvang sal word.)**
 - (ii) **die bedrag van enige verklaarde vereffeningsbepalinge in die bindende reëling wat beskikbaar is aan die teenparty vir wie die kontrak ongunstig is.**

Indien (ii) minder is as (i), word die verskil as deel van die in rekening bring van 'n oordrag van funksies ingesluit. Die bedrag aan wins of verlies wat erken word, kan gedeelte afhanklik wees daarvan of die verkryger voorheen 'n verbandhoudende bate of las erken het, en die gerapporteerde wins of verlies kan dus verskil van die bedrag wat bereken is deur die bostaande vereistes toe te pas.

Kriteria vir die verkryger

- .33 Die bates wat verkry en laste wat aanvaar is en kwalifiseer vir erkenning soos in die bindende reëling uiteengesit word, moet op die verkrygingsdatum aan die omskrywings van bates en laste in die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* en aan die erkenningskriteria in die toepaslike Standaarde van AERP voldoen.
- .34 Uitgawes wat die verkryger verwag om in die toekoms aan te gaan, maar wat die verkryger nie verplig is om aan te gaan nie, om sy plan in werking te stel om uit die aktiwiteit van 'n oordraggewer te tree of om die diens van 'n oordraggewer se werknemers te beëindig of die oordraggewer se werknemers te verplaas, moet nie as deel van die laste op die verkrygingsdatum in rekening gebring word nie. Die verkryger moet nie daardie uitgawes as deel van 'n oordrag van funksies erken nie. In stede daarvan erken die verkryger eerder hierdie uitgawes in sy finansiële state nadat die oordrag plaasgevind het, ooreenkomstig die toepaslike Standaarde van AERP.

Rekeningkundige verantwoording deur die verkryger

Aanvanklike erkenning en meting

- .35 ***Vanaf die oordragdatum moet die verkryger die aankoopteenprestasie wat aan die oordraggewer betaal is (indien daar is) en al die bates wat in 'n oordrag van funksies verkry en laste wat in 'n oordrag van funksies aanvaar is, erken. Die bates wat verkry en die laste wat aanvaar is, moet teen hul drabedrae gemeet word.***
- .36 Die drabedrag van 'n bate wat verkry of 'n las wat aanvaar is, is die bedrag waarteen die bate of las vanaf die oordragdatum deur die oordraggewer in sy staat van finansiële stand erken word.
- .37 Indien die oordraggewer op die oordragdatum nie die Standaarde van AERP toegepas het nie, moet die verkryger die rekeningkundige grondslag wat gebruik is vir die bates wat verkry en die laste wat aanvaar is, aanpas om dit met Standaarde van AERP voor die oordrag te belyn.
- .38 Die teenprestasie wat deur die verkryger betaal is, kan in die vorm van kontant, kontantekwivalente of ander bates wees. Indien die teenprestasie wat betaal is in die vorm is van ander bates, moet die verkryger sodanige bates op die oordragdatum teen hul drabedrae onderken, d.w.s. teen die bedrag waarteen die bate vanaf die oordragdatum deur die verkryger in sy staat van finansiële stand erken word.

- .39 Die verskil tussen die drabedrae van die bates wat verkry is, die laste wat aanvaar en die teenprestasie wat aan die oordraggewer betaal is (indien daar is) asook die aansuiwerings wat vereis word aan die grondslag van rekeningkunde soos in paragraaf .37 beskryf word, moet in die opgehoopte surplus of tekort erken word.**

Metingstydperk

- .40 Indien die aanvanklike in rekening bring van 'n oordrag van funksies teen die einde van die verslagdoeningstydperk waarin die oordrag plaasvind, onvolledig is, moet die verkryger in sy finansiële state voorwaardelike bedrae rapporteer vir die items wat nog nie volledig in rekening gebring is nie. Gedurende die metingstydperk moet die verkryger terugwerkend die voorlopige bedrae wat op die oordragdatum erken is, aansuiwer om nuwe inligting te weerspieël omtrent feite en omstandighede wat verkry is wat vanaf die oordragdatum bestaan het en, indien dit bekend is, die meting van die bedrae wat sedert daardie datum erken is, sou beïnvloed het. Die metingstydperk eindig sodra die verkryger die inligting ontvang wat hy wou hê omtrent feite en omstandighede wat vanaf die oordragdatum bestaan het of te wete kom dat meer inligting nie verkry kan word nie. Die metingstydperk moet egter nie twee jaar sedert die oordragdatum oorskry nie.**
- .41 Die metingstydperk is die tydperk ná die oordragdatum waartydens die verkryger die voorlopige bedrae wat vir 'n oordrag van funksies erken is, mag aansuiwer. Die metingstydperk voorsien die verkryger van 'n redelike tyd om die inligting te verkry wat nodig is om die volgende sedert die oordragdatum ooreenkomstig die vereistes van hierdie Standaard te identifiseer en te meet:
- (a) die bates wat verkry en die laste wat aanvaar is;
 - (b) die teenprestasie wat aan die oordraggewer oorgedra is, indien daar is; en
 - (c) die gevolglike oormaat van die aankoopteenprestasie wat betaal is (indien daar is) bo die bates wat verkry en die laste wat aanvaar is.
- .42 Die verkryger moet alle toepaslike faktore oorweeg in die bepaling daarvan of inligting wat ná die oordragdatum verkry is, 'n aansuiwering tot gevolg moes hê van die voorlopige bedrae wat erken is, of andersins of daardie inligting die gevolg is van gebeure wat ná die oordragdatum plaasgevind het. Toepaslike faktore sluit in die datum waarop bykomende inligting verkry is en of die verkryger 'n rede vir 'n verandering van voorlopige bedrae kan identifiseer. Dit is waarskynliker dat inligting wat kort ná die oordragdatum verkry is, omstandighede sal weerspieël wat op die oordragdatum bestaan het eerder as inligting wat etlike maande later verkry is.

- .43 Die verkryger erken 'n styging (daling) in die voorlopige bedrag wat vir 'n bate (las) erken is deur die oormaat van die aankoopteenprestasie wat betaal is (indien daar is) bo die drabedrag van die bates wat verkry en die laste wat aanvaar is en voorheen in opgehoopte surplus of tekort erken is, te verminder (verhoog). Nuwe inligting wat egter gedurende die metingstydperk verkry is, kan soms 'n aansuiwering van die voorlopige bedrag van meer as een bate of las tot gevolg hê. Die verkryger kon byvoorbeeld 'n las aanvaar het om skade met betrekking tot 'n ongeluk in een van die oordraggewer se fasiliteite te betaal wat gedeeltelik of in die geheel deur die oordraggewer se aanspreeklikheids-versekeringpolis gedek word. Indien die verkryger gedurende die metingstydperk nuwe inligting oor die drabedrae op die oordragdatum van daardie las verkry, sou die aansuiwering van die surplus wat die gevolg is van 'n verandering aan die voorlopige bedrag wat vir die las erken is, verreken word (in die geheel of gedeeltelik) teen 'n ooreenstemmende aansuiwering aan die voorheen erkende oormaat in opgehoopte surplus of tekort wat die gevolg is van 'n verandering aan die voorlopige bedrag wat erken is vir die eis wat vanaf die versekeraar ontvangbaar is.
- .44 Gedurende die metingstydperk moet die verkryger aansuiwerings aan die voorlopige bedrae erken asof die in rekening bring van die oordrag van funksies op die oordragdatum voltooi is. Die verkryger moet dus vergelykende inligting vir vorige tydperke wat in die finansiële state erken word, hersien, indien nodig, met inbegrip van enige verandering in waardevermindering, amortisasie of ander inkomstegevolge wat in die voltooiing van die aanvanklike in rekening bring, erken is.
- .45 Nadat die metingstydperk ten einde geloop het, moet die verkryger die in rekening bring van 'n oordrag van funksies hersien slegs om 'n fout ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* reg te stel.

Verkrygingsverwante koste

- .46 Verkrygingsverwante koste is koste wat die verkryger aangaan om 'n oordrag van funksies te bewerkstellig. Hierdie koste sluit adviserende, regs-, rekeningkundige en ander professionele of raadgewende gelde in, asook algemene administratiewe koste en die koste van die registrasie en uitgee van skuld- en ekwiteitsekuriteite (indien toepaslik). Die verkryger moet verkrygingsverwante koste as uitgawes in rekening bring in die tydperk waarin die koste aangegaan en die dienste ontvang word, met die uitsondering van die koste wat aangegaan is om skuld- of ekwiteitsekuriteite uit te gee (indien toepaslik). Sodanige koste moet ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* erken word.

Latere meting

- .47** *Die verkryger moet daarna enige bates wat verkry en enige laste wat aanvaar is in 'n oordrag van funksies ooreenkomstig die toepaslike Standaard van AERP meet.*
- .48** *Op die oordragdatum moet die verkryger die bates wat verkry en laste wat aanvaar is, klassifiseer of aanwys soos nodig om daarna ander Standaard van AERP toe te pas. Die verkryger moet daardie klassifikasies of aanwysings doen op die grondslag van die bepalinge van die bindende reëling, ekonomiese toestande, sy bedryfs- of rekeningkundige beleid en ander toepaslike toestande wat op die oordragdatum bestaan.*
- .49** In sommige situasies maak die Standaard van AERP voorsiening vir 'n ander manier van in rekening bring, na gelang van hoe 'n entiteit 'n spesifieke bate of las klassifiseer. Voorbeelde van klassifikasies of aanwysings wat die verkryger sal doen op grond van die betrokke toestande wat op die verkrygingsdatum bestaan, is die kategorisering van spesifieke bates en laste teen billike waarde of geamortiseerde koste ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*.
- .50** 'n Uitsondering op die vereiste in paragraaf .48 wat betref die klassifikasie of aanwysing van die bates wat verkry en die laste wat aanvaar is op die oordragdatum, is dat die verkryger die volgende kontrakte op grond van die kontraktuele bepalinge en ander faktore by die aanvang van die kontrak moet klassifiseer (of, indien die bepalinge van die kontrak op 'n wyse gemodifiseer is wat die klassifikasie daarvan verander, op die datum van daardie modifikasie, wat die oordragdatum kan wees):
- (a) klassifikasie van 'n huurkontrak as hetsy 'n bedryfshuur of 'n bruikhuur ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Hure*; en
 - (b) klassifikasie van 'n kontrak as 'n versekeringskontrak ooreenkomstig die International Reporting Standard oor *Insurance Contracts*.

Rekeningkundige verantwoording deur die oordraggewer

Onterkenning van bates oorgedra en laste afgestaan

- .51** *Vanaf die oordragdatum moet die oordraggewer uit sy finansiële state al die bates wat in 'n oordrag van funksies oorgedra en laste wat in 'n oordrag van funksies afgestaan is, onderken.*
- .52** Tot op die oordragdatum moet die oordraggewer voortgaan om hierdie bates en

laste ooreenkomstig die toepaslike Standaarde van AERP te meet.

- .53 Die teenprestasie wat van die verkryger ontvang is, kan in die vorm van kontant, kontantekwivalente of ander bates wees. Indien die teenprestasie wat ontvang is in die vorm van ander bates is, moet die oordraggewer sodanige bates en laste teen hul billike waarde op die oordragdatum ooreenkomstig die toepaslike Standaarde van AERP meet.
- .54 *Die verskil tussen die drabedrae van die bates wat oorgedra, die laste wat afgestaan en die teenprestasie wat van die verkryger ontvang is (indien daar is), moet in opgehoopte surplus of tekort erken word.*

Openbaarmaking

- .55 *Die verkryger en oordraggewer moet inligting openbaar maak wat gebruikers van die finansiële state in staat stel om die aard en finansiële uitwerking van 'n oordrag van funksies te evalueer wat plaasvind hetsy:*
- (a) gedurende die huidige verslagdoeningstydperk; of*
 - (b) ná die einde van die verslagdoeningstydperk maar voordat die finansiële state vir uitreiking gemagtig word.*
- .56 *Die verkryger en oordraggewer moet die volgende openbaar maak vir 'n oordrag van funksies wat gedurende die verslagdoeningstydperk plaasgevind het:*
- (a) die rekeningkundige beleid wat aanvaar is vir 'n oordrag van funksies wat gedurende die verslagdoeningstydperk plaasgevind het;*
 - (b) die naam van die entiteite wat by die oordrag van funksies betrokke was, 'n kort beskrywing van die funksies wat oorgedra is en die rede waarom die transaksie of gebeurtenis onderneem is; en*
 - (c) die oordragdatum.*
- .57 *Vir transaksies wat afsonderlik van die oordrag van funksies ooreenkomstig paragraaf .28 erken word:*
- (a) 'n beskrywing van elke transaksie;*
 - (b) hoe die transaksie in rekening gebring is;*
 - (c) die bedrae wat vir elke transaksie erken is en die lynitem in die finansiële state waarin elke bedrag erken word; en*
 - (d) indien die transaksie die effektiewe vereffening van 'n voorafbestaande verwantskap is, die metode wat gebruik is om die vereffeningsbedrag te bepaal.*

Verkryger

.58 Die verkryger moet die volgende openbaar maak vir elke oordrag van funksies wat gedurende die verslagdoeningstydperk plaasgevind het:

- (a) vir elke lynitem in die finansiële state wat geraak is, die waarde van die bates wat verkry en laste wat aanvaar is in 'n oordrag van funksies;**
- (b) die verskil tussen die drabedrae van die bates wat verkry is, die laste wat aanvaar en die teenprestasie wat aan die oordraggewer betaal is (indien daar is) en enige aansuiwerings wat vereis word aan die grondslag van rekeningkunde soos in paragraaf .37 beskryf word, as 'n afsonderlike lynitem in netto bates;**
- (c) bykomende voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates wat openbaar gemaak en aan 'n oordrag van funksies toegeskryf kan word; en**
- (d) inkomste en uitgawes toeskryfbaar aan 'n oordrag van funksies ná die oordrag daarvan.**

Finansiële state van daaropvolgende tydperke hoef nie hierdie openbaarmakings te herhaal nie.

.59 Indien die spesifieke openbaarmakings wat deur hierdie en ander Standaarde van AERP vereis word, nie aan die oogmerke voldoen wat in paragraaf .58 uiteengesit word nie, moet die verkryger enige bykomende inligting wat nodig is, openbaar maak om daardie oogmerke te bereik.

.60 Die verkryger moet die volgende inligting vir elke wesenlike oordrag van funksies of in die totaal vir individueel niewesenlike oordrag van funksies wat gesamentlik wesenlik is, openbaar maak indien die aanvanklike in rekening bring van 'n oordrag van funksies (kyk paragraaf .40) vir spesifieke bates, laste, niebeherende belange of enige teenprestasie en die bedrae wat in die finansiële state vir die oordrag van funksies erken word, onvolledig is:

- (a) die redes hoekom die aanvanklike in rekening bring van die oordrag van funksies onvolledig is;**
- (b) die bates, laste of enige teenprestasie waarvoor die aanvanklike in rekening bring onvolledig is; en**
- (c) die aard en die bedrag van enige metingstydperkaansuiwerings wat gedurende die verslagdoeningstydperk ooreenkomstig .44 erken is.**

Oordraggewer

.61 Die verkryger moet die volgende, bykomend tot die openbaarmakingsvereistes in die Standaard van AERP oor Gestaakte Bedrywighede, openbaar maak vir elke oordrag van funksies wat gedurende die verslagdoeningstydperk plaasgevind het:

- (a) vir elke lynitem in die finansiële state wat daardeur geraak is, die waarde van die bates wat oorgedra en die laste wat afgestaan is in 'n oordrag van funksies;**
- (b) Die verskil tussen die drabedrae van die bates wat oorgedra, die laste wat afgestaan en die teenprestasie wat van die verkryger ontvang is (indien daar is), as 'n afsonderlike lynitem in die netto bates.**

Finansiële state van daaropvolgende tydperke hoef nie hierdie openbaarmakings te herhaal nie.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaard van AERP

.62 Die oorgangsbepalings wat toegepas sal word deur entiteite by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard word in 'n lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepaling van hierdie Standaard moet saam met elke toepaslike lasgewing gelees word.

Wysigings aan Standaard van AERP

.63 Paragraaf .37, .39 en .58 is gewysig om implementeringsvereistes te akkommodeer wat gedurende Februarie 2013 deur die Raad goedgekeur is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas op 'n transaksie of gebeurtenis wat 'n oordrag van funksies behels indien die samesmeltingsdatum op of ná die datum van aanvanklike aanvaarding van die Standaard is.

.64 Paragraaf .66 en .67 is gewysig om entiteite toe te laat om voort te gaan om die verligting toe te pas wat voorsien word vir die meting van bates en laste wat voor die datum van inwerkingtrede van die Standaard in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer verkry is. Hierdie wysigings tree met ingang van 1 April 2015 in werking.

Datum van inwerkingtrede

.65 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële state wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van

- .64** *Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*
- .66** *Daar word nie van 'n entiteit vereis om die metingstydperk in paragraaf .40 tot .45 toe te pas indien hulle 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer voor die datum van inwerkingtrede van hierdie Standaard aangegaan het nie.*
- .67** Die riglyne oor die metingstydperk soos ingesluit in paragraaf .40 tot .45 sal slegs in werking tree ná die terugtrekking van Lasgewings 2 tot 4, wat die oorgangsbepalings vir entiteite oor die aanvanklike aanvaarding van die Standpunte van AERP voorskryf.

Grondslag vir gevolgtrekkings

Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings vergesel, maar is nie deel van, die Standaard van AERP nie.

- BC1. Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings som die Raad se oorwegings by die ontwikkeling van die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* op. In die formulering van hul standpunte het die Raad die standpunte soos uitgedruk deur, en die kommentaar ontvang van belanghebbendes oorweeg wat gereageer het op die Uitnodiging vir Kommentaar (IVK) op 'n Besprekingsdokument oor *Oordrag van Funksies* wat in November 2007 uitgegee is. Die Raad het verder die reaksies op 'n Uitnodiging vir Kommentaar op 'n konsep vir kommentaar van die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* (uitgegee Mei 2010) oorweeg.
- BC2. In die ontwikkeling van hierdie Standaard van AERP het die Raad die beginsels in die Standaarde van AERP oor *Inkomste uit Uitruiultransaksies* (AERP 9), *Inkomste uit Nie-uitruiultransaksies (Belastings en Oordragte)* (AERP 23), *Niebedryfsbates Gehou vir Verkoop en Gestaakte Bedrywighede* (AERP 100) en die International Financial Reporting Standard oor *Business Combinations* (IFRS 3) (2008) wat deur die International Accounting Standards Board (IASB) uitgegee is, in aanmerking geneem.
- BC3. 'n Projek oor die in rekening bring van entiteitkombinasies voortspruitend uit uitruiultransaksies is by die International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) se werksprogram ingesluit. Die Raad sal voortgaan om hierdie projek te monitor en, op 'n geskikte tyd, die implikasies van die IPSASB-projek vir die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gesamentlike Beheer* oorweeg.

Agtergrond

- BC4. In die Besprekingsdokument het die Raad voorgestel dat 'n AERP-ekwivalent van IFRS 3 wat handel oor entiteitkombinasies uitgegee moet word en dat entiteitkombinasies voortspruitend uit uitruiultransaksies wat onderneem word tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie ook by die omvang van die projek ingesluit word. Daar is ook voorgestel dat 'n Standaard van AERP ontwikkel moet word wat handel oor die oordrag van funksies wat onderneem word tussen entiteite wat:
- onder gemeenskaplike beheer is, hetsy by wyse van 'n uitruiul- of 'n nie-uitruiultransaksie; en
 - nie onder gemeenskaplike beheer by wyse van 'n nie-uitruiultransaksie is nie.
- BC5. Ná voorstelle van respondente op die Besprekingsdokument om 'n transaksie of gebeurtenis wat onderneem is tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer by wyse van 'n nie-uitruiultransaksie is nie, by die omvang van die IFRS

3-ekwivalente AERP-standaard in te sluit, het die Raad ingestem tot die ontwikkeling van die volgende Standaarde van AERP:

- Dat die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer* nie by die omvang daarvan transaksies insluit wat onderneem is tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer by wyse van 'n uitruil- en nie-uitruiltransaksie is nie; en
- Dat die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer* by die omvang daarvan transaksies insluit wat onderneem is tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer by wyse van 'n uitruil- en nie-uitruiltransaksie is nie.

- BC6. Sommige respondente op die konsep vir kommentaar het versoek dat dieselfde benadering toegepas moet word op die in rekening bring van alle transaksies of gebeure wat 'n oordrag van funksies binne die regering behels. Die Raad het egter tot die slotsom gekom dat by 'n oordrag van funksies wat onderneem word tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer daar geen uitwerking op die gekonsolideerde finansiële state sal wees nie, terwyl 'n oordrag van funksies wat onderneem word tussen entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie, 'n uitwerking op die gekonsolideerde finansiële state sal hê. Die Raad het sy standpunt herbevestig dat twee afsonderlike Standaarde ontwikkel moet word vir transaksies of gebeurtenisse wat onderneem word tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer, en dié wat onderneem word tussen entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie.
- BC7. Die Raad het ook kennis geneem dat die beginsels vir die aanvanklike erkenning en meting van oordragte van funksies tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie by wyse van 'n nie-uitruiltransaksie soortgelyk is aan dié vir sakekombinasies wat tans binne die omvang van IFRS 3 val.
- BC8. Die Besprekingsdokument het ook rekeningkundige beginsels voorgestel vir transaksies en gebeurtenisse waar een entiteit nie geag kan word beheer oor 'n ander entiteit te verkry nie. Aangesien hierdie reëlings nie "beheer" behels nie, het respondente die ontwikkeling van 'n afsonderlike Standaard van AERP oor *Samesmeltings* ondersteun.

Gemeenskaplike beheer

- BC9. Die regering van die Republiek van Suid-Afrika is drie verskillende sferes verdeel, naamlik nasionaal, provinsiaal en plaaslik, en daar is aan elke sfeer onafhanklikheid van die besluitneming 'n ander sfeer verleen. Beheer word vir rekenkundige doeleindes in die Standaard van AERP oor Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State omskryf as: "Die vermoë om die finansierings- en bedryfsbeleide van 'n entiteit korporatief te bestuur ten einde voordeel uit die bedrywighede daarvan te trek." Die sleuteloorweging by die bepaling daarvan of beheer vir rekeningkundige doeleindes bestaan al dan nie, is dat 'n entiteit in staat moet wees om te demonstreer dat hy sekere besluitnemingsvermoëns oor 'n ander het, sowel as dat hy voordeel uit die aktiwiteite van daardie entiteit put.

- BC10. Die nasionale regering is daarvoor verantwoordelik om die oorkoepelende beleid en oogmerke vir al drie sferes van die regering daar te stel in ooreenstemming met die voorskrifte van die Grondwet. Elke regeringsfeer is op sy beurt verantwoordelik vir die uitvoering van sy aangewese funksies in ooreenstemming met die oorkoepelende beleid en oogmerke wat deur die nasionale regering daargestel word. In wese put die nasionale regering voordeel uit die aktiwiteite wat deur die onderskeie sferes van regering geneem word, aangesien dit daartoe bydra dat die nasionale regering sy oorkoepelende beleid en oogmerke bereik. Die feit dat die nasionale regering befondsing vir daardie bedrywighede voorsien en die bedryfsongewing kan reguleer, impliseer nie noodwendig beheer vir die doeleindes van finansiële verslagdoening nie.
- BC11. In Suid-Afrika word dit ondersteun deur die vereistes in artikel 8 en 19 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), om afsonderlike gekonsolideerde finansiële state op 'n nasionale vlak en vir elke provinsie op te stel. Net so vereis artikel 122 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet No. 56 van 2003 (WMFB) die opstel van gekonsolideerde finansiële state vir elke munisipaliteit.
- BC12. In uitsonderlike omstandighede kan 'n entiteit in een regeringsfeer byvoorbeeld, deur nasionale wetgewing, in die administrasie van 'n entiteit in 'n ander regeringsfeer ingryp indien daardie ander entiteit nie sy uitvoerende verpligting vervul en kan vervul nie. 'n Entiteit in die nasionale regeringsfeer kan byvoorbeeld in die administrasie van 'n munisipaliteit ingryp indien daardie munisipaliteit nie in staat is om sy grondwetlike of wetgewende mandaat te vervul nie. Hierdie ingrepe beteken dat uitvoerende besluite namens die ander entiteit geneem word totdat hierdie entiteit in staat is om sy wetlike verpligtinge na te kom. Sodanige ingrepe is gewoonlik slegs tydelik van aard. Gedurende hierdie tydperk moet omstandighede egter geëvalueer word om te bepaal of die ingryping aan die omskrywing van beheer voldoen al dan nie.

Omvang

Oordrag van individuele bates of groepe bates en/of laste (paragraaf .03(a) en .05)

- BC13. Reëlins wat van een entiteit vereis om 'n bate of 'n groep bates of 'n las of 'n groep laste van 'n ander entiteit oor te neem, val buite die omvang van hierdie Standaard, aangesien hierdie reëlins bloot die verkryging van 'n bate of 'n groep bates en/of die aanvaarding van 'n las of 'n groep laste behels.

Samesmeltings (paragraaf .03(c) en .06)

- BC14. 'n Samesmelting behels die totstandbrenging van 'n nuwe gekombineerde entiteit waarin geeneen van die vorige entiteite beheer oor enige ander verkry nie en geen verkryger geïdentifiseer kan word nie. Bepaling of 'n verkryger geïdentifiseer kan word, sluit, onder andere, in die oorweging van watter van die kombinerende entiteite die transaksie of gebeurtenis geïnisieer het, die betreklike grootte van die kombinerende entiteite, asook of die bates of inkomste van een van die betrokke entiteite by die transaksie of gebeurtenis

beduidend meer as dié van die ander entiteite is. In 'n samesmelting kom die kombinerende entiteite bymekaar vir die onderlinge deling van risiko's en voordele van die gekombineerde entiteit. Samesmeltings is nie in die omvang van hierdie Standaard ingesluit nie. Die Standaard van AERP oor *Samesmeltings* moet by die in rekening bring van 'n samesmelting toegepas word.

'n Transaksie of gebeurtenis wat onderneem word tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer (paragraaf .02 en .07)

BC15. 'n Transaksie of gebeurtenis waarin 'n verkryger geïdentifiseer kan word en wat 'n oordrag van funksies tussen entiteite in dieselfde regeringsfeer tot gevolg het, en/of tussen entiteite wat deel van dieselfde ekonomiese entiteit uitmaak, sal binne die omvang van hierdie Standaard val, aangesien die transaksie of gebeurtenis onderneem word tussen entiteite wat onder gemeenskaplike beheer is. Die entiteite wat by die oordrag van funksies betrokke is, word uiteindelik voor en ná die oordrag van funksies deur dieselfde entiteit beheer. Indien die funksie na 'n nuut gevestigde entiteit oorgedra word wat nie voor die oordragdatum bestaan het nie, sal die oordrag ook binne die omvang van hierdie Standaard val indien die nuut gevestigde entiteit as die verkryger geïdentifiseer word en die verkryger en oordraggewer ná die oordrag van funksies deel van dieselfde ekonomiese entiteit uitmaak.

'n Transaksie of gebeurtenis wat onderneem word tussen entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie (paragraaf .03(b) en .08)

BC16. 'n Transaksie of gebeurtenis waarin 'n verkryger geïdentifiseer kan word en wat 'n oordrag van funksies tussen entiteite in verskillende regeringsfeer tot gevolg het, en/of tussen entiteite wat nie deel van dieselfde ekonomiese entiteit is nie, val nie binne die omvang van hierdie Standaard nie, aangesien die transaksie of gebeurtenis onderneem word tussen entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie. Die entiteite wat by die oordrag van funksies betrokke is, word uiteindelik voor en ná die oordrag van funksies nie deur dieselfde entiteit beheer nie. Entiteite moet die Standaard van AERP oor *Oordrag Van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* by die in rekening van sodanige oordrag van funksies toepas.

Aanvanklike erkenning en meting

BC17. Aangesien daar in die openbare sektor beperkte leiding bestaan oor die in rekening bring van funksies wat tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer onderneem is, het die Raad die toepaslikheid van leiding oor die verkryging en vervreemding van bates wat in ander Standaarde van AERP ingesluit is, by die ontwikkeling van beginsels vir die erkenning en meting van bates wat verkry of oorgedra is en laste wat aanvaar of afgestaan is in 'n oordrag van funksies, in aanmerking geneem.

BC18. In die meeste gevalle vereis die leiding wat deur ander standaardstellers voorsien word, hetsy vir die verkryging van 'n entiteit of deel van 'n entiteit, of vir die verkryging van bates, die gebruik van billike waarde as 'n metingsgrondslag.

BC19. Die Besprekingsdokument het tot die slotsom gekom dat drabedrae gebruik moet word vir 'n transaksie of gebeurtenis wat tussen entiteite onder gesamentlike beheer onderneem is. Die voorstel om drabedrae te gebruik, is deur die volgende ondersteun:

- Indien drabedrae deur die verkryger sowel as die oordraggewer gebruik word, word geen wins of verlies deur enige van die partye erken nie, in teenstelling met die hermeting van daardie bates en laste tot billike waarde.
- Winste en verliese word nie erken nie aangesien die entiteit wat uiteindelik die verkryger en oordraggewer beheer bloot besig is om met homself transaksies te doen.
- Geen koste hoef aangegaan te word om enige bates en laste te herwaardeer nie.

Respondente op die Besprekingsdokument het met die Raad se standpunt saamgestem.

BC20. Respondente op die konsep vir kommentaar het hierdie voorstel ondersteun, en die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer* vereis dat die verkryger die bates wat op die oordragdatum verkry en die laste wat wat op die oordragdatum aanvaar is, moet erken teen die drabedrag waarteen die oordraggewer sodanige bates en laste vanaf die oordragdatum in sy finansiële state erken het.

BC21. Gedurende die kommentaartydperk het sommige respondente kommer uitgespreek oor die feit dat die oordraggewer se drabedrae op die oordragdatum onvolledig mag wees as gevolg daarvan dat die waardes onakkuraat mag wees of omdat die oordraggewer moontlik 'n ander grondslag van rekeningkunde mag toepas. 'n Vereiste is in die Standaard ingesluit om dit duidelik te maak dat indien die oordraggewer voor die oordrag van funksies nie die toevallingsgrondslag van rekeningkunde toepas nie, hy sy grondslag van rekeningkunde voor die oordrag na die toevallingsgrondslag van rekeningkunde moet verander.

Metingstydperk

BC22. Die Standaard voorsien die verkryger van 'n redelike tydperk ná die oordragdatum, 'n metingstydperk, waartydens die inligting verkry moet word wat nodig is om die bates wat verkry en die laste wat aanvaar is in 'n oordrag van funksies te identifiseer en te meet. Indien toereikende inligting nie op die oordragdatum beskikbaar is om die bates en laste te meet nie, bepaal en erken die verkryger voorlopige bedrae totdat die nodige inligting beskikbaar gestel word.

- BC23. 'n Beperking is geplaas op die tydperk wat redelik geag word om die inligting te verkry wat nodig is om die in rekening bring van 'n oordrag van funksies te voltooi. Die metingstydperk eindig sodra die verkryger die nodige inligting ontvang omtrent feite en omstandighede wat vanaf die oordragdatum bestaan het of te wete kom dat die inligting nie verkry kan word nie. Die Raad het ingestem tot 'n metingstydperk van twee jaar.
- BC24. Die Raad het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die verkryger die gebruikers van finansiële state moet voorsien van toepaslike inligting oor die status van items wat met gebruik van voorlopige bedrae gemeet is. 'n Openbaarmakingsvereiste is ingesluit om sodanige inligting te voorsien.

Wesenlike vereffening van 'n voorafbestaande verwantskap tussen die verkryger en oordraggewer in 'n oordrag van funksies

- BC25. Die vereffening 'n voorafbestaande verwantskap tussen die verkryger en die oordraggewer is nie deel van die oordrag van funksies nie, aangesien hierdie transaksies deur of namens die verkryger of primêr tot die voordeel van die verkryger eerder as primêr tot die voordeel van die oordraggewer voor 'n oordrag van funksies aangegaan is. Sodanige transaksies moet ingevolge die toepaslike Standaarde van AERP in rekening gebring word
- BC26. Aangesien hierdie transaksies op armlengte aangegaan is, moet die verkryger die wins of verlies meet wanneer die voorafbestaande verwantskap vereffen word teen die billike waarde daarvan.

Oormaat van die aankoopteenprestasie wat deur die verkryger betaal is bo die netto bates wat verkry is

- BC27. Die Besprekingsdokument het voorgestel dat enige oormaat van die aankoopteenprestasie wat deur die verkryger betaal is bo die billike waarde van die bates wat verkry of oorgedra is en die laste wat aanvaar of afgestaan is, as 'n aankooppremie behandel en in surplus of tekort erken moet word. Die Besprekingsdokument het verder voorgestel dat die verkryger sodanige oormaat ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* moet erken, en enige oormaat van die drabedrae van die bates wat oorgedra en laste wat afgestaan is bo die aankoopteenprestasie wat deur die verkryger betaal is, deur die oordraggewer in surplus of tekort erken moet word..
- BC28. Die Raad het hul aanvanklike standpunt ná kommentaar van respondente op die Besprekingsdokument heroorweeg. Daar is ooreengekom dat enige oormaat van die aankoopteenprestasie wat deur die verkryger betaal is (indien daar is) bo die netto batewaarde van die bates wat verkry of oorgedra is en die laste wat aanvaar of afgestaan is, deur die verkryger sowel as die oordraggewer in opgehoopte surplus en tekort erken moet word, aangesien die transaksie tussen die verkryger en oordraggewer 'n transaksie met eienaars verteenwoordig wat tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer plaasgevind het. Die verkryger is dus geregtig op die oordraggewer se gedeelte van die

AERP 105

opgehoopte surplus of tekort wat verband hou met die bates wat oorgedra en die laste wat afgestaan is.

- BC29. Respondente op die konsep vir kommentaar het hierdie voorstel ondersteun, en die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer* vereis dat die verkryger en oordraggewer die verskil tussen die bates wat verkry of oorgedra is, die laste wat aanvaar of afgestaan is en die teenprestasie wat betaal of ontvang is (indien daar is) in opgehoopte surplus of tekort moet erken.